# SONOP NUUSBRIEF

**Ons deel ons sonstrale met almal.**

14 April 2022

Beste Ouer(s) en Voog(de)

Hierdie was 'n besonderse kort en besige week by die skool.

Baie dankie aan al die ouers wat van die geleentheid gebruik gemaak het om gisteraand hul kind(ers) se leerderportefeuljes besigtig het. Die opkoms was groot en was verblydend om te sien!

Graag bring ons die volgende onder u aandag:

## PERSONEEL:

Soos reeds genoem, trou mej. Janelle Smit eerskomende Saterdag 16 April. Ons wens vir hul 'n mooi en geseënde dag toe.

Ons verwelkom mej. Clarise Deyzel, 'n derde jaar student, wat vanaf volgende week by ons grondslagfase sal aansluit. Ons glo dat sy maklik by ons sal inskakel en baie gelukkig sal wees.

## SPORT

### LANDLOOP

Die landloop het hierdie week begin en ons eerste byeenkoms is agter die rug. Baie geluk aan al die landlopers wat deelgeneem het, julle het baie goed gedoen.
Baie geluk aan Chani Koen wat 'n eerste plek behaal het.







## RUGBY

Ons rugbymanne het gister vriendskaplike wedstyde teen Susannah Fourie gespeel.

**Die uitslae was as volg:**

- o/9 Wen
- o/11 Verloor
- o/13 Verloor











## RUGBYPROEWE

Sterkte aan die o/13 seuns wat volgende week aan die volgende rondte proewe deelneem.

- Keanu Fortuin
- Ewan Meiring
- Hanco Nell
- Errol te Brugge
- Hiren van Loggerenberg

## BRANDWAG STRAATMYL

Sewe van ons skool se atlete het vanoggend aan die jaarlikse Straatmyl by Brandwag skool gaan deelneem as deel van hul 85ste verjaarsdagviering.







# BUITESPORT

## MODELWERK








Baie geluk aan Jano Alberts wat die algehele wenner was vir die "Face of PPMC magazine 2022".

Jano is ook aangewys as die 1ste Prins vir 'n Enviro kompetisie wat deur TMC models gehou was.

## BOOGSKIET

Baie geluk aan Lian en Kara van Heerden met hul pragtige uitslae by hul eerste Boogskiet kompetisie. Lian behaal 'n 3de plek in die Laerskole seuns afdeling en sy sussie het 'n 2de plek behaal in die Kwagga Ope Interskole kompetisie.



Lian van Heerden
Graad 5



Kara van Heerden
Graad R



**Warm Kombersies** kan steeds teen R115 elk by die skool se sekretaresses bestel word. U kind se naam en van word op die kombersies borduur.
Ons vra asseblief dat die ouers wat reeds kombersies bestel het 'n klein bietjie geduld met ons sal hê. Die verskaffer het probleme met die materiaal ondervind en ons hoop om teen einde volgende week die eerste bestellings gereed te hê.

## PAASFEES:



Ons graad 7-leerders het vanoggend op 'n uitstappie na Suid-gemeente gegaan om na die uitbeelding van Jesus se kruisiging te gaan kyk. Baie dankie aan dominee Arrie wat ons kinders hierdie geleenteheid gebied het.
U as ouers word ook harlik uitgenooi om na hierdie uitstalling te gaan kyk indien dit vir u moontlik sal wees.



Mag u en u gesin 'n geseënde Paasfees beleef. Geniet die langnaweek met u gesin en vir diegene wat sal reis, word 'n veilige reis toegebid.




Vriendelike Sonopgroete

M.J. KLEYN

14 - 04 -2022